# 19 Mei 2023 - Lesing 25 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die toestand na die dood - 24/5/57

**NO: 6838** Na jou sterwe betree jy ’n ryk wat lyk soos die ryk wat jy verlaat het, dit wil sê: **Ook jou omgewing is nou in ooreenstemming met die toestand van jou siel.** Indien materie jou denke volledig in beslag geneem het, dan sal ook die wêreld wat jy nou betree, materieel voorkom. Jy sal alle dinge voor oë plaas waarna elkeen van jou sintuie nog uitgaan, maar dit is net ’n skynwêreld wat vergaan sodra jy dit in besit sou wil neem.

Maar vir ’n duister siel duur dit lank voordat sy begryp dat sy nie meer die materiële wêreld bewoon nie, om welke rede sulke siele ook dikwels nie weet dat hulle volgens hul liggaam gestorwe is nie. Tog word die skynskeppings van hulle nuwe omgewing al hoe meer onduidelik, al hoe meer wasig, sodat sy dan 'n verskriklike leegheid voel, omdat haar geestelike oë nog geslote is en die voorstellingsvermoë van aardse sake steeds geringer word. **En dan vertoef sy in verlate, eindelose streke,** indien sy nie baie diep wegsink en met wesens wat haar gelyke is, gevegte voer in die bitterste vyandskap nie.

’n Gang deur uitgestrekthede, heeltemal sonder voorwerpe, kan die siele tot selfrefleksie bring en aan hulle die waardeloosheid van aardse, materiële goedere laat insien. **En dan kan hulle ook tot die bewustheid van hul dooie toestand kom**. En sodra dit bereik is, dat die siele begin nadink oor hul troostelose toestand, het die tyd ook aangebreek waar daar aan hierdie siele **hulp aangebied** sal word, deurdat hulle skielik met wesens saamkom en hulle nou gesamentlik na ’n uitweg soek. Die ander wesens kom uit die ryk van die lig, **maar vermom hulleself** en kom in soortgelyke gestalte om die siele in volledige wilsvryheid te laat. En dan kan daar met ’n goeie wil hulle omgewing merkbaar opklaar en kan daar nou aan hulle 'n taak opgedra word, aangepas by hulle eie wil om te help.

Die aard van hul werk is vir mense ondenkbaar, omdat die verskillende toepassingsvelde van geestelike werksaamheid ook heel verskillende toestande vereis en wat dikwels onbekende sfere vir die mense is wat ook onbekende werke vereis. Want God het onvermoede skeppings laat ontstaan vir die rypwording van die siele wat nog onvolmaak is, maar die toestand van die siele bepaal ook die skepping waarna hulle nou heen gelei word vir verdere ontwikkeling.

Maar as die mens homself reeds op aarde al kon losmaak van die materie en was sy denke en strewe op die geestelike ryk gewees, dan kan die siel by die verlaat van die aardse omhulsel teruggevoer word na **sfere van lig**, wat dus wil sê:

**Sy sal in staat wees om haar omgewing te herken. Sy sien pragtige skeppings**, wat egter niks in gemeen het met aardse sake nie, wat eweneens nie beskryf kan word nie, maar deur die siel vanweë haar toestand van rypheid dadelik begryp kan word. **By daardie siel kom die insig dus as te ware bliksemsnel en sy besit 'n kennis wat nog nooit tevore aan haar oorgebring is nie.** Dit word lig in en rondom haarself. En die lig maak haar buitengewoon gelukkig en wek in haar die verlange om haarself te uiter, **hulp aan te bied en eweneens gelukkig te maak.** Ook sy sal haarself in streke verplaas voel wat onbeskryfbaar mooi is om na te kyk en sy sal nie alleen wees nie, **maar met eweryp wesens saamkom** en saam met hulle werksaam wil wees.

En sy sal ook vinnig haar nuwe werksaamheid verstaan. Sy sal nie die gevoel hê dat sy in 'n vreemde gebied gekom het nie. Sy sal eerder haarself verplaas voel na haar **vaderland**, wat sy tog in vrye wil verlaat het. Sy sal ook weet dat dit haar ongeluk besorg het en dat baie wesens hulle nog in 'n armsalige toestand bevind, **wie sy nou wil help** om terug te keer na die vaderhuis.

Vir sulke siele wat op aarde hul wilsproef deurstaan het en hulleself bewustelik gewend het na God in vrye wil, **wag daar 'n onbeskryflike mooi lot**. En hierdie siele sal onbeskryflik pragtige skeppings te siene kry. Ook sal hulle hulleself skeppend besig kan hou in volheid van lig en krag, na gelang van die rypheid wat die siel bereik het. Maar hulle sorg sal in die besonder uitgaan na **die armsalige siele wat tydens die lewe op aarde bande met hulle gehad het** en wat ’n heel ander weg gegaan het as die eersgenoemde siele, maar wat hulle nie vergeet het nie.

En in die geestelike ryk werk hulle dus op hulle in, ofskoon sonder om herken te word, om hulle in die eerste plek aan die diepte te ontruk en vir hulle die weg omhoog moontlik maak. **Want alle arbeid in die geestelike ryk betref die verlossing van ’n gevallene**. Ek elke wese wat die lig kan binnegaan, bied haarself vrywillig aan om mee te werk, **omdat sy vervul is van liefde** en sy die liefdeskrag wat haar self deurstraal, nou ook die duisternis sou wil indra, om God daardeur te dank en Hom ewig te dien. Amein.